**Vrydag 27 September**

| Skrifgedeelte: Romeine 15:1-6 | Fokusgedeelte: Romeine 15:5 |
|---|---|

## Eensgesind in Christus

In die tydsgees van veranderinge waarin ons leef, is eensgesindheid ’n baie aktuele saak. Christene het verskillende gevoelens oor sekere sake. Selfs die manier oor hoe ons die Here moet dien, word beredeneer.

Reg deur God se Woord word die noodsaaklikheid van eensgesindheid beklemtoon. Hierdie eensgesindheid beteken om een in liefde te wees. Ons moet daarna streef om dieselfde doel en ook gerigtheid te hê. Elkeen moet nie maar in sy eie rigting hardloop nie, maar ons moet hande vat, en saam hierdie wedloop hardloop, in dieselfde rigting.

Jesus het ons kom leer wat dit beteken om ’n gemeenskaplike fokus te hê. Hy is die middelpunt van alles. Ons hele lewe moet om Hom gerig wees. Die doel van Christenwees word beklemtoon in Romeine 15:5, 6: “… dat almal eensgesind uit een mond die lof toebring aan God, die Vader van ons Here Jesus Christus.”

Die rede vir ons eensgesindheid is omdat ons reeds ’n eenheid is. Hierdie eenheid word gebind in ons geloof aan ons Verlosser, Christus. Ons het een Vader, een Gees, een Verlosser, een Woord, een belydenis. Hierdie dinge bestaan reeds, en is deur die Gees aan ons gegee. As kind van God het jy reeds deel aan hierdie gawe. Eensgesindheid is nie ’n keuse nie, dit moet daar wees waar kinders van God is. Elkeen kan nie maar in ’n rigting inskiet nie.

Die eensgesindheid mag nie ’n selfgedrewe aksie wees nie, maar dit moet altyd vanuit die Woord ontstaan. Die enigste ware eensgesindheid is te vinde waar jy jouself op die agtergrond plaas. Hierdie woorde eggo in vers 1 en 2 van Romeine 15: “… Ons moenie aan onsself dink nie: elkeen van ons moet aan ons naaste dink en aan wat vir hom goed is en wat hom in geloof kan opbou.”

Die perfekte voorbeeld hiervan is te vinde in Jesus self. Nou kan ons uit een mond die lof toebring aan God.

*Sing: Psalm 84-1:1*

*Ds. JPL van Jaarsveld (Vickus) (Krugersdorp-Wes/Magaliesburg)*